West Rand WINDOW Skole

TWEE FLORRIE- ONNIES BEHAAL PUIK PRESTASIE!

Hoërskool Florida

Die hoof, personeel en al die Florries is baie trots op mev. Blanche Nortje en Jolette Beneke wat aan die Onderwysdepartement se National Teachers award - kompetisie deelgeneem het.

Die twee dames is tydens `n glansgeleentheid op 2 November deur die minister van Onderwys, mnr Panyaza Lesufi, as die naaswenners in Gauteng aangewys.

Me Nortje het aan die kategorie Excellence in Physical Science (FET Phase) deelgeneem en me Beneke aan "Excellence in Maths (FET Phase).
Die twee dames het geskenkbewyse van Hirsch en `n kontantbedrag van ABSA as prys ontvang.
Weereens baie geluk aan die twee puik onderwysers!

Blanche Nortje en Jolette Beneke

RIEBEECKRAND SE SPORTLEERDERS BLINK UIT

Hoërskool Riebeeckrand

Hoërskool Riebeeckrand het gedurende Oktobermaand hul sportprysuitdeling gehou en hul leerders soos sterre laat voel. Tydens hierdie glansaand het elke sportleerder van Hoërskool Riebeeckrand erkenning ontvang vir hulle prestasies en deelname en kon hul huis toe gaan met die wete dat Riebeeckrand baie trots op hulle is!

Daar is 99 trofeë by die geleentheid oorhandig. Twee matrikulante het elk 'n baie spesiale toekenning ontvang. Danielle Malan is aangewys as die sportdogter van die jaar en Christoff Kleyn as die sportseun van die jaar.

Beide die leerders het hoë hoogtes gedurende die jaar bereik. Vanjaar was dit die vierde agtereenvolgende jaar wat Danielle tot die Gauteng netbalspan verkies is. Sy is ook aangewys as die beste GSS speler van 2018 en was 'n uitstekende kaptein vir Riebeeckrand se eerste netbalspan.

Christoff was 'n speler vir die Goue Leeus 0/18-klubrugbyspan en ook 'n uitmuntende kaptein vir Riebeeckrand se eerste rugbyspan.

Hoërskool Riebeeckrand is trots op elke leerder wat deur die jaar aan sportitems deelgeneem het, toekennings ontvang het en deurentyd hul beste gegee het.

TELECOM SOUTH AFRICA

MAKING CHANGE, EASY!

Small Business Special

Keep your number or get a landline number

2 Cordless handsets +

2 Lines (simultaneous calls on 1 number)

ALL THIS FOR ONLY R405 P/M

No more "busy tone"!

Need bigger a solution?? Call us for a quote.

Contact info:
Tel : 010 786 0860
Web : www.telecomsa.co.za

All prices excluding vat

Activation fee : R500